# IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA
# (APPèLAFDELING)

In die saak tussen:

| | |
|---|---|
| **QAMBELENI BUTHELEZI** | **Eerste Appellant** (Beskuldigde 2 in hof a quo) |
| **BHEKINKOSI MBHEKISENI MKHIZE** | **Tweede Appellant** (Beskuldigde 9 in hof a quo) |
| **TEBOGO MAGUBANE** | **Derde Appellant** (Beskuldigde 14 in hof a quo) |
| **PETRUS MDINISO** | **Vierde Appellant** (Beskuldigde 31 in hof a quo) |
| **SITHEMBISO KHUBEKA** | **Vyfde Appellant** (Beskuldigde 36 in hof a quo) |
| **MXOLISENI SIBONGELENI MKHIZE** | **Sesde Appellant** (Beskuldigde 55 in hof a quo) |
| **VINCENT KHANYILE** | **Sewende Appellant** (Beskuldigde 58 in hof a quo) |
| **SIPHO BUTHELEZI** | **Agste Appellant** (Beskuldigde 59 in hof a quo) |
| **TIMOTHY STALS MAZIBUKO** | **Negende Appellant** (Beskuldigde 60 in hof a quo) |
| **PAULOS MCIKELENI MBATHA** | **Tiende Appellant** (Beskuldigde 62 in hof a quo) |
| **JACK MBELE** | **Elfde Appellant** (Beskuldigde 64 in hof a quo) |
| **SONNY MICHAEL MKWANAZI** | **Twaalfde Appellant** (Beskuldigde 65 in hof a quo) |
| **VICTOR MTHEMBU** | **Dertiende Appellant** (Beskuldigde 68 in hof a quo) |
| **THOMAS MAKHEHLENI LUKHOZI** | **Veertiende Appellant** (Beskuldigde 70 in hof a quo) |
| **RICHARD DLAMINI** | **Vyftiende Appellant** (Beskuldigde 71 in hof a quo) |
| **MOSES MTHEMBU** | **Sestiende Appellant** (Beskuldigde 73 in hof a quo) |
| **MHLUPHEKI SAMUEL TSHABANGU** | **Sewentiende Appellant** (Beskuldigde 74 in hof a quo) (Alle Appellante op borg) |

en

| | |
|---|---|
| **DIE STAAT** | **Respondent** |

---

## A P P è L

**TEEN DIE SKULDIGBEVINDING DEUR SY EDELE REGTER J M C SMIT IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA (TRANSVAALSE PROVINSIALE AFDELING) OP 30 MAART 1994.**

---

**VOLUME 2**
**(Bladsye 75 - 193)**

*VERBATIM TRANSKRIPSIES BK*
*Reg.No. CK 93/02928/23*
*Tel: (012) 323-6134/5/6* *Fax: (012) 323-6137*

**NAMENS DIE APPELLANTE:**

**ADV. VIC BOTHA** (Appellante 1 - 5)
Schreiner Chambers 1312
Pritchardtstraat 94
JOHANNESBURG

**ADV. RéAN STRYDOM** (Appellante 6 - 17)
Schreiner Chambers 1312
Pritchardstraat 94
JOHANNESBURG

Tel: (011) 337-1160

**NAMENS DIE RESPONDENT:**

**DIE PROKUREUR-GENERAAL**
Hooggeregshof
PRETORIA

**DIE PROKUREUR-GENERAAL**
Hooggeregshof
BLOEMFONTEIN

◂◂◂◂O▸▸▸▸

| BESKRYWING | Appèl Bladsynr |
|---|---|

## VOLUME 2


Verskynings . . . . . 75

Opening . . . . . 76 - 77

Aansoek uitstel en aansoek uitstel na ander forum . . . . . 78 - 85

U I T S P R A A K (1993-04-13) (Aansoek om uitstel na ander forum) . . . . . 86 - 88

Terugtrek van saak teen beskuldigdes . . . . . 89

Bespreking en wysiging van akte van beskuldiging . . . . . 90 - 96

Bespreking i.v.m. verskynings . . . . . 96

Wysiging van akte van beskuldiging . . . . . 96 - 97

Pleit . . . . . 98 - 101

Inleiding (vervolg) . . . . . 101 - 106

**GETUIENIS VIR STAAT**

**GORDON GREGORY MORISON**
Ondervraging deur mnr Taute . . . . . 107 - 140
Kruisondervraging deur mnr Botha . . . . . 140 - 153
Kruisondervraging deur mnr Van Eck . . . . . 153 - 174
Herondervraging deur mnr Taute . . . . . 174 - 175

**ALBERTUS ARNOLDUS DE JAGER**
Ondervraging deur mnr Taute . . . . . 175 - 180
Kruisondervraging deur mnr Swart . . . . . 180 - 185
Kruisondervraging deur mnr Strydom . . . . . 185 - 186
Herondervraging deur mnr Taute . . . . . 186 - 187

**SALMON ROBERTS**
Ondervraging deur mnr Taute . . . . . 187 - 193

# IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA
## (Transvaalse Provinsiale Afdeling : Spesiale Sitting te Delmas)

DELMAS / PRETORIA
1993-04-13

SAAKNOMMER: CC123/93

**DIE STAAT**

teen

**NKAMBUZANA BERNARD ZULU en 73 ANDER**

---

| | | | |
|---|---|---|---|
| VOOR | : | **SY EDELE REGTER SMIT** | |
| ASSESSORE | : | **GEEN** | |
| NAMENS DIE STAAT | : | **ADV A DE JAGER**<br>**ADV F E VAN DER MERWE**<br>**ADV C R TAUTE** | |
| NAMENS VERDEDIGING (OP 13 APRIL 1993) | : | **ADV V BOTHA**<br>**A J SWART**<br>**R STRYDOM**<br>**J VORSTER** | |
| NAMENS BESKULDIGDES 2 TOT 52 OP 10 MEI 1993 | : | **ADV V BOTHA**<br>**ADV A J SWART** | (pro Deo)<br>(pro Deo) |
| NAMENS BESKULDIGDES 53 TOT 74 OP 10 MEI 1993: | | **ADV R STRYDOM**<br>**ADV J A C VAN ECK** | (pro Deo)<br>(pro Deo) |
| NAMENS INKATHA | : | **ADV N KADES** | |
| TOLKE | : | **A M MATHE**<br>**A KHANZINI**<br>**P P CHILAHRAMUNWA** | |
| AANKLAGTE | : | **(SIEN AKTE VAN BESKULDIGING)** | |
| PLEIT | : | **(SIEN REKORD)** | |

<u>ME DE JAGER</u>: Mag dit die hof behaag, u edele. Ek verskyn namens die staat saam met my kollegas advokate F E van der Merwe en C Taute.

<u>MNR STRYDOM</u>: Mag dit die hof behaag, u edele. Ek verskyn namens al die beskuldigdes saam met my geleerde vriende Botha, Swart en Vorster in opdrag van die firma Van der Westhuizen & Steyn.

<u>HOF</u>: Ja, mnr Strydom?

<u>MNR STRYDOM</u>: Ja, op hierdie stadium wil net ook op rekord plaas, u edele, dat die beskuldigdes vanoggend weer eens bevestig het dat hulle wil hê dat die prokureur wat reeds op rekord geplaas is namens hulle verskyn en dat hulle heeltemal tevrede is met die advokate wat namens hulle aangestel is deur die prokureur.

<u>MR KADES</u>: My it please my lord if I hold a watching brief on behalf of the Inkatha Freedom Party, my lord. I am instructed by the firm of attorneys Young Davis of Johannesburg.

<u>COURT</u>: Thank you, Mr Kades. Ja, juffrou De Jager?

<u>ME DE JAGER</u>: Edele, 73 van 74 beskuldigdes wat in die akte gelys is verskyn voor die hof, met die uitsondering van beskuldigde 10 is die ander beskuldigdes voor die hof. Die hof is tans <u>in camera</u>. In die openbare gedeelte verskyn slegs die voogde van die jeugdiges wat voor die hof verskyn en dan lede van die pers. Die staat het op hierdie stadium besluit om teen sekeres van die beskuldigdes die klagtes terug te trek. Vir gerief van die hof is die name van die sulke beskuldigdes op skrif gestel en vra ek verlof om dit op te handig. Die staat trek die saak terug teen beskuldigdes 1, Nkambuzana Bernard Zulu; beskuldigde 3, Alfred Mbekiseni Mabizela; beskuldigde 4, Edmond Mosia; beskuldigde 5, Josia Molopisi;

beskuldigde 8 /...

beskuldigde 8, Lawrence Ndodi Nene. Met verlof van die hof vra die staat dan ook dat die saak teen Amos Velenkosini Zulu in sy afwesigheid teruggetrek word. Ek is meegedeel dat hy siek is, u edele. Beskuldigde 13, Johannes Mandlakhe Ndwandwe; beskuldigde 15, Bhekizisa Gwaya Mbatha; beskuldigde 18, Thulani Magagula; beskuldigde 19, Alfred Bhekinkosi Qwabe; beskuldigde 20, Musa Thokozani Dlamini; beskuldigde 23, Aubrey Myeni; beskuldigde 24, Johannes Khubeka; beskuldigde 27, Elias Motaung; beskuldigde 30, Robert Maghukwini Mthembu; beskuldigde 33, Bheki Saul Nyembe; beskuldigde 34, Mbasobeni Sevutana Nkwanyana; beskuldigde 35, Hlomendlini Alfred Ndebele; beskuldigde 37, Batondo Isaac Nhleko, beskuldigde 38, Vikizitha Khonzugise Qwabe; beskuldigde 43, Patric Hlongwane; beskuldigde 46, Bhekuyise Ndwandwe; 49, Zokwakhe Mbekeni Msezane; beskuldigde 50, David Benny Ramakau; 54, Aaron Mpanza; 57, Wilmot Mzikayifani Masondo; 61, Lucky Mkhetemi Ximba. Edele, die persone sit nie in die beskuldigdebank nie. Met verlof van die hof sal ek ook vra dat die hof toestemming sal verleen dat die persone die saal mag verlaat.

<u>HOF</u>: Enige beswaar, mnr Strydom?

<u>MNR STRYDOM</u>: Geen beswaar nie, u edele.

<u>HOF</u>: Die beskuldigdes wie se name nou uitgelees is, die staat trek die klagte teen hulle terug. Hulle mag afstaan en hulle mag die hof verlaat.

<u>ME DE JAGER</u>: Soos die hof behaag. Edele, die verdediging het aangedui dat hulle nie gereed sal wees om met die verhoor voort te gaan vandag nie. Die staat het teen enige versoek om uitstel geen beswaar nie en het die staat en die verdediging ooreengekom dat die verhoor verdaag word na 10 Mei 1993, na 09:00 daardie oggend. Die staat sal egter versoek dat die forum

waarna/...

waarna die saak verdaag word steeds Delmas sal wees en in hierdie verband verstaan ek het my geleerde vriend vir die verdediging 'n aansoek om aan die hof te rig.

HOF: Die beskuldigdes wat uitgestel word, is hulle almal op borg?

ME DE JAGER: Hulle is inderdaad almal op borg u edele. Ek sal vra dat die borg verleng word op die bestaande voorwaardes wat ook op skrif gestel is en wat ek met verlof van die hof sal ophandig. Die staat en verdediging het egter ooreengekom dat een van die bestaande voorwaardes gewysig sou word en dit is met betrekking tot die verpligting van die beskuldigdes om te rapporteer by die Vanderbijlpark se polisiestasie. Tans lui die voorwaarde dat die beskuldigdes twee keer per week op Maandae en Donderdae by die Vanderbijlpark Polisiestasie sal rapporteer. Die staat het nie beswaar dat dit gewysig word dat die beskuldigdes net elke Maandag by die Vanderbijlpark se polisiekantoor aanmeld nie. U edele, die borgvoorwaardes soos wat dit tot dusver bygevoeg is, die spesiale borgvoorwaardes, is op skrif gestel, met verlof van die hof en ek sal net vra dat die wysiging so genotuleer word.

HOF: Mnr Strydom?

MNR STRYDOM: Soos die hof behaag, u edele. Soos my geleerde vriendin aangedui het, is die eerste aansoek van die verdediging een vir uitstel. Die staat het aangedui dat hulle hierdie aansoek nie gaan bestry nie. Kortliks die rede vir hierdie aansoek, u edele, is dat daar onlangs nog ekstra beskuldigdes gearresteer is. Die klagstaat is dan ook net onlangs eers gefinaliseer en die verdediging is nog nie gereed nie, die voorbereiding is nog nie afgehandel nie. Daar gaan 'n versoek wees tot nadere besonderhede wat binnekort gaan beteken word

op /...

op die staat en dan sal ons natuurlik die antwoord afwag. So dit is dan die aansoek vir uitstel. Maar gepaardgaande daarmee u edele is daar 'n aansoek in terme van artikel 149 van die Strafproseswet. Dit is dat daar verandering is van die plek van beregting van hierdie saak. Dit is my instruksies namens al die beskuldigdes om aansoek te doen dat die verhoor voortgesit moet word in die Vereeniging-hof. Daar is alreeds kennis aan die staat gegee, dit was skriftelik gedoen, alhoewel dit nie by wyse van kennisgewing van mosie was nie, maar daar was skrywes aan die staat gerig. Die staat het onderneem om alternatiewe plekke, onder andere Vereeniging, te ondersoek en kyk of dit 'n geskikte lokaal sal wees. Van my persoonlike kennis kan ek net meld dat Vereeniging het 'n splinternuwe hof en ek meen dat daar soortgelyke fasiliteite in Vereeniging is as wat hier in Delmas is. Maar die eintlike rede vir hierdie aansoek sal ek opdeel onder drie hoofde:

Eerstens, die logistieke redes. Delmas is ver van Vereeniging, waar al die beskuldigdes, of eintlik Vanderbijlpark, waar al die beskuldigdes tans nog woonagtig is, die meeste van hulle in die KwaMadala Hostel. Dit is uit die aard van die saak vir hulle uiters moeilik om hierdie groot afstand elke dag heen en weer te ry. Hulle het geen verblyf in Delmas nie, dit sal daarop neerkom dat hulle elke dag heen en weer sal moet ry. Die meeste van die beskuldigdes wat werksaam is, werk in die Vanderbijlpark omgewing en hulle werk skofte en indien die verhoor in Vereeniging plaasvind sal hulle nog steeds na hofure van hierdie skofte kan werk. Uit die aard van die saak as hulle heen en weer moet ry, sal dit dit uiters moeilik maak vir hulle as gevolg van die tyd wat verlore sal gaan. Die beskuldigdes se familie, sommiges van hulle se familie bly ook

in /...

in daardie omgewing en as daar met van hulle gekonsulteer moet word en vir alle tipe bystand kan die beskuldigdes se familie hulle bystaan daar in Vanderbijlpark maar nie hier in Delmas nie. Dit is dan die eerste been van die logistieke oorwegings.

Die tweede been van die aansoek is die veiligheidsituasie. Nou, indien die beskuldigdes elke dag hierdie groot afstand moet aflê en uit die aard van die saak in groepe sal moet saamry kan dit vir hulle 'n gevaar inhou. Verder, u edele, is dit moontlik my geleerde vriendin se argument dat die plek juis gekies is as gevolg van sy geriewe, dit is nou Delmas, en as gevolg van die hele veiligheidsituasie, maar dit is duidelik selfs vandag dat daar nie werklik 'n gevaarsituasie is nie en ek glo dat dieselfde situasie sal plaasvind in Vereeniging-hof.

HOF: Dan verstaan ek nie u bewering dat die reis vir hulle gevaar sal inhou as u sê daar is in iedere geval nie gevaar nie.

MNR STRYDOM: Edele, dit is 'n lang termyn, ons verwag dat die verhoor 'n lang termyn verhoor sal wees en dit sal, sekere roetes sal daagliks gevolg moet word, mens weet nie wat kan gebeur nie en die beskuldigdes is bang om hierdie selfde roete daagliks heen en weer te ry. Dit is die submissie wat ek wil maak. In elk geval, die staat kan reëlings by die hof tref om die veiligheid van die beskuldigdes te verseker, soos hier by die hof getref is vandag, dit kan ook in Vereeniging gedoen word en so. Ek dink by die hof self is daar nie die gevaarsituasie sodanig nie, maar dit is juis die situasie van die behuising af van die beskuldigde tot by die hof waar eintlik die situasie van gevaar is. Ek wil net meld dat die Goldstone-Kommissie se ondersoek het plaasgevind in Vereeniging sonder veel probleme, niks noemenswaardig nie, kan ek sê. Hierdie

verhoor gaan ook in camera plaasvind, so in Vereeniging sal dieselfde situasie geld dat daar nie 'n massa mense sal saamtrek nie as gevolg van die feit dat hulle in elk geval nie die verhoor sal kan bywoon nie.

Dan die derde been is net uit 'n gerieflikheidsoogpunt wat die verdedigingspan ook aanbetref. Daar sal gereeld gekonsulteer moet word met getuies. Al hierdie getuies, die meeste van hulle, sal van daardie area wees en dit sal dit dus vergemaklik, en dan ook as daar inspeksies gehou moet word, u edele, is dit net om die draai en kan daar inspeksies gehou word.

Net ten laaste, u edele, is dit my submissie dat geregtigheid moet na die publiek gebring word, dit is tog 'n beginsel waarop rondgaande howe gebaseer is, waarom die rondgaande howe na die publiek toe gaan en in al die verskillende plekke sit en hierdie misdaad is gepleeg in daardie area van Vereeniging en ek dink dit sal geregtigheid laat geskied indien die verhoor daar op Vereeniging plaasvind sodat die lede van die publiek en persone wat benadeel is en almal die saak behoorlik kan volg, almal wat 'n belang daarby het. So dit is dan my aansoek, u edele, dat die verhoor, indien dit uitgestel word, uitgestel word na Vereeniging vir voortsetting van die verhoor. Soos u behaag.

HOF: Adv De Jager?

ME DE JAGER: U edele, die staat het op die forum Delmas besluit vanweë die oorweging dat hierdie voorsien word 'n lang verhoor gaan wees met 'n groot aantal beskuldigdes. Daar is twee regsspanne wat uit verskeie lede bestaan. Daar is 'n groot ondersoekspan. Buite die hof om moet daar dus geriewe geskep word vir die staat en verdediging om 'n redelike lang verhoor te kan akkommodeer. Die getal beskuldigdes vereis ook

unieke /...

unieke reëlings. Daar is na die beste van my wete nie 'n ander hofsaal wat die geriewe bied vir die aantal beskuldigdes wat hierdie hof bied nie. Om daardie rede is op Delmas na oorlegpleging met die regter-president. U edele, die kantoor hier bied wat akkommodasie betref vir beide spanne, die mees gerieflike reëlings. My geleerde vriend het na die Vereeniging hof verwys, alhoewel ek nie persoonlik die hof kon besoek om ondersoek in te stel nie het ek navraag gedoen. Die hof beskik in die eerste plek nie oor die ruim beskuldigdebank wat hier beskikbaar is nie en dan verstaan ek ook dat daar wat kantoorakkommodasie en dies meer betref ook beslis nie naastenby die geriewe beskikbaar is wat dan hier is nie. 'n Verdere faktor waardeur die staat hom moes laat lei, u edele, is die kwessie van die beveiliging van die hof. Daar is voorsien dat die verhoor groot openbare belangstelling mag ontlok en is die staat deur die polisie geadviseer dat hierdie gebou praktiese voordele bied vir beveiliging wat in meer beboude areas minder uitvoerbaar is, soos spesifiek Vereeniging.

Edele, my geleerde vriend het daarna verwys dat geregtigheid na die publiek geneem moet word. Ek is meegedeel dat daar by vorige uitstelle van die saak, juis in die PWV area, insidente by die howe was. Ek is meegedeel dat dit op 'n stadium daar lang vertragings was voordat die beskuldigdes uit die hofgebou verwyder kon word en dit is 'n verdere faktor wat die staat genoop het om die saak op Delmas te plaas. Die staat besef dat die meerderheid van die beskuldigdes uit die PWV area afkomstig is. Om die rede het die staat die polisie versoek, navraag gedoen oor die praktiese moontlikhede indien die hof dit sou gelas om aan die beskuldigdes vervoer te verskaf vanaf Vanderbijlpark na Delmas. Ek is meegedeel dat vervoerreëlings

... (tussenbei)

HOF: Verskaf die polisie die vervoer of begelei hulle die beskuldigdes?

ME DE JAGER: U edele, vandag nie, maar die polisie kan die vervoer verskaf. Die beskuldigdes het op eie stoom vandag by die hof gekom, maar ek kan aanbied aan die verdedigingspan dat die polisie wel die beskuldigdes van 'n sentrale punt daagliks vanaf Vanderbijlpark na Delmas kan vervoer. Edele, wat die kwessie van die veiligheid van die beskuldigdes as sulks betref, as die beskuldigdes in 'n groep in watter hof ook al moet verskyn, dink ek dat dieselfde oorwegings sal geld.

Wat die Vereeniging hof aanbetref is hulle ook bewus daarvan dat daar tans 'n rondgang sitting hou in Vereeniging en weet ek ook dat daar in die begin van Mei reeds 'n spesiale misdryf ter rolle geplaas is in die hooggeregshof in Vereeniging. Ek wil dus aan die hand doen dat met die aanbod van die staat die beskuldigdes vervoer sal word na Delmas en met die geriewe wat hierdie hof bied en dan ook belangrik die beveiliging van die hof waarvoor die hof die mees praktiese maatreëls bied, dat die verhoor na Delmas uitgestel word.

HOF: Juffrou De Jager, net terwyl u op die been is, by ontstentenis aan 'n beter woord het ek 'n bietjie probleme met logistieke reëlings. Ek sien die beskuldigdes sit taamlik opmekaar hier. U weet, as hierdie verhoor maande aanhou gaan dit die mense baie ongemaklik maak.

ME DE JAGER: Ja.

HOF: Ek het verder die probleem, ek is van voorneme om negeuur soggens te begin. Ek sal sit tot elfuur en dan 'n teeverdaging neem tot kwart oor elf en dan sit tot eenuur en 'n middageteverdaging neem tot twee-uur toe. Tot hoe 'n mate u die

groep/...

groep beskuldigdes wat voor die hof is in die hof gaan in- en uitkry in daardie beperkte tyd wil ek u net nou al sê ek wil nie vertragings hê nie. Dit is belang van almal, maar merendeel in belang van die beskuldigdes dat die saak afgehandel word so gou soos moontlik. Ons kan nie tyd vermors deur beskuldigdes wat in en uit 'n hof gebring moet word nie. Ek het die verdere probleem, ek weet nie, soos die beskuldigdes nou hier sit, of die agterste beskuldigdes hoegenaamd kontak het met hulle regsverteenwoordigers nie. U moet al hierdie aspekte oorweeg. As daar probleme daarmee gaan kom gaan ek na u kyk. Ek wil u net voor die tyd waarsku dat ek voorsien wanneer u so 'n groot klomp beskuldigdes gaan vervolg, gelyktydig, daar probleme gaan kom en ek wil u net waarsku daar oor die probleme wat gaan kom.

<u>ME DE JAGER</u>: Soos die hof behaag.

<u>HOF</u>: Ja, mnr Strydom?

<u>MNR STRYDOM</u>: Ja, repliek net kortliks, u edele. Omdat die hof <u>in camera</u> gaan sit is dit dan, kan die beskuldigdes ook op die publieke gedeeltes sit en in Vereeniging is daardie hofsaal heeltemal groot genoeg as die beskuldigdes die hele agterkant van die hof kan vol sit sal Vereeniging se howe heeltemal groot genoeg wees vir sodanige verhoor. Die verdediging, indien die verhoor in Vereeniging sal plaasvind en daar is nie kantoorruimte vir ons beskikbaar nie sal ons alternatiewe reëlings kan tref. Soos u behaag.

<u>HOF</u>: Wat die borgvoorwaardes aanbetref is daar 'n voorstel dat eerste van die borgvoorwaardes gewysig word dat hulle een keer per week rapporteer. Het u enigiets daaroor te sê?

<u>MNR STRYDOM</u>: Nee, dit is soos ooreengekom. Ek het niks by te voeg nie, u edele.

<u>ME DE JAGER</u>: /...

ME DE JAGER: Edele, wat die borgvoorwaardes betref, ek wil net onder die hof se aandag bring dat een van die beskuldigdes, beskuldigde 74, dat die aansoek daar is dat hy in hegtenis gehou word.

MNR STRYDOM: Ek dink hy dien 'n vonnis uit. So hy sal in elk geval in aanhouding wees.

Verbatim Transkripsies/hvdm SAAKNOMMER: CC123/93

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

(TRANSVAALSE PROVINSIALE AFDELING)

DELMAS

1993-04-13

HAAL DEUR WAT NIE VAN TOEPASSING IS NIE
(1) RAPPORTEERBAAR: ~~JA~~/NEE.
(2) VAN BELANG VIR ANDER REGTERS: ~~JA~~/NEE.
(3) HERSIEN.
DATUM 28/11/95 HANDTEKENING

**DIE STAAT**

teen

**NKAMBUZANA BERNARD ZULU EN 73 ANDER** Beskuldigde

---

**U I T S P R A A K**

28.11.95

---

SMIT R: Die beskuldigdes staan tereg op aanklagte wat nie nou relevant is nie. Die huidige aansoek is een vir 'n aansoek om uitstel. Ek is meegedeel dat daar op 'n laat stadium 'n byvoeging van beskuldigdes was en dat die verdediging gevolglik nie reg is om voort te gaan met die verhoor nie. Die staat het geen beswaar teen die uitstel nie, inteendeel is daar 'n datum gereël dat die saak uitgestel word na 10 Mei toe.

Onder die omstandighede meen ek dit is reg en billik dat die saak tot 10 Mei uitgestel word om 09:00 die oggend.

Die beskuldigdes, behoudens beskuldigde 74, word uitgelaat op dieselfde borgvoorwaardes waarop hulle tans uit is, behoudens dat die eerste van die borgvoorwaardes is tans dat hulle twee maal per week by die aanklagkantoor van die Suid-Afrikaanse Polisie te Vanderbijlpark moet aanmeld, dit is op Maandae en Donderdae. Die staat het geen beswaar dat daardie voorwaarde gewysig word dat hulle slegs Maandae moet rapporteer

nie /...

nie.

Ek sal gevolglik gelas dat die saak uitgestel word tot 10 Mei, dat hulle op dieselfde borgvoorwaardes uitgelaat word maar dat hulle slegs Maandae hoef te rapporteer by die polisie te Vanderbijlpark. Beskuldigde 74 egter verstaan ek is steeds in hegtenis en hy sal in hegtenis bly.

Daar is 'n aansoek namens die beskuldigdes aan my gerig in terme van die bepalings van artikel 149 van die Strafproseswet dat die plek van beregting van hierdie verhoor verskuif word vanaf Delmas na Vereeniging. Meerdere gronde ter ondersteuning van hierdie aansoek is aan my voorgelê.

By oorweging van die aansoek hou ek eerstens in gedagte dat dit so is dat meestal van die beskuldigdes in die Vanderbijlpark omgewing woonagtig is, dit gevolglik meebring dat hulle elke dag van daar na hier moet heen en weer ry. Die tweede grond waarop daar gevra word dat daar 'n verandering van die verhoorplek moet geskied is reeds die veiligheid van die beskuldigdes en in besonder hulle veiligheid wanneer hulle heen en weer reis. Die derde grond waarop die aansoek gebring is, is een van gerieflikheid op grond waarvan dit geargumenteer is dat dit makliker is om met hulle en hulle getuies te konsulteer te Vereeniging as wat dit is om hier te doen.

Om die eerste twee probleme te oorkom het die staat aangebied dat die polisie sal vervoer verskaf vanaf 'n gesamentlike punt in Vanderbijlpark na die hof hier in Delmas. Hierso is spesiale veiligheidsmaatreëls getref vir die beskerming van die beskuldigdes en almal wat die hof bywoon.

Ek is onder die omstandighede nie tevrede dat daar enige voldoende rede is waarom die plek van verhoor verander moet word nie. Dit is ongelukkig so dat dit sou meebring dat die

beskuldigdes /...

beskuldigdes elke dag vir 'n lang tyd heen en weer sal moet reis, maar dit is nie die enigste oorweging nie. Daar is belangrike oorwegings van veiligheid en ek is tevrede onder daardie omstandighede dat die verhoor hier voortgesit sal word.

Gevolglik word die saak uitgestel na 10 Mei 1993. Hulle borg word op dieselfde voorwaardes verleng, behalwe dat hulle slegs Maandae hoef te rapporteer. Hulle moet 09:00 die oggend van 10 Mei hier by die hof teenwoordig wees.

**HOF VERDAAG - HOF HERVAT OP 10 MEI 1995**

ME DE JAGER: Mag dit die hof behaag, u edele. Mag ek ter aanvang die staat se verskoning aanbied vir die feit dat daar 'n vertraging plaasgevind het. Dit is te wyte daaraan dat beskuldigde 74 nie betyds vanaf Pretoria na die hof vervoer is nie. Die reëlings was vooraf getref. Die staat onderneem om in te gaan op die redes en seker te maak dat 'n herhaling van die onaanvaarbare situasie vermy kan word.

HOF: Ja, dankie.

ME DE JAGER: U edele, eerstens beoog die staat vandag om ook teen verdere beskuldigdes terug te trek en ek sal vra dat die persone as die hof behaag daarna die hof kan verlaat. Die staat trek verder terug teen beskuldigde 6, Jabulani Clement Mpanza. Dit is op skrif gestel, ek sal dit mettertyd aan die hof ophandig. Beskuldigde 7, Vincent Silo Sakakane; beskuldigde 16, Phillemon Motsei; beskuldigde 17, Bhekuyise Ntshangase; beskuldigde 21, Delabakhe Xulu; beskuldigde 22, Wiseman Bonginkosi Thabethe; beskuldigde 25, Nicolaas Kheswa; beskuldigde 26, Mhlaliseni Sikhakhane; beskuldigde 28, Mofonkelwa Samson Luvuno; Jameson Mbatha; Bhekumusa Michael Masuku, beskuldigde 32; beskuldigde 48, Mzikayise Ambrose Qwabe; 56 Sifiso Phinda Zulu; beskuldigde 63, Mjanyelwa Ndaba en beskuldigde 66, Clement Cindi. Ek vra dan om 'n getikte lys van die beskuldigdes teen wie teruggetrek word aan die hof op te handig.

HOF: Ja, sê vir die beskuldigdes die staat trek die klagte teen hulle terug, hulle kan afstaan en gaan.

ME DE JAGER: Edele, ter aanvang, die staat is deeglik bewus van eise wat die groot getal beskuldigdes wat steeds oorbly aan logistieke vereistes stel en om die rede is daar voorsiening

gemaak/ ..

gemaak vir twee konstabels as addisionele hofordonnanse wat spesiaal getaak is om enige beskuldigde wat moontlik met sy verdedigingsadvokaat kontak wou maak in die verband behulpsaam te wees. Die persone wat hiermee getaak is, is konstabels Cherinza en De Waal, wat in die hof teenwoordig is, en ek sal versoek indien dit die hof behaag dat daar 'n reëling miskien ter aanvang getref word dat indien 'n beskuldigde sy advokaat se aandag wil trek hy net sy hand opsteek. Die persone sal die beskuldigdes dophou om in so 'n geval onmiddellik die advokaat se aandag te trek.

HOF: Mnr die Tolk, sal u net vir die beskuldigdes sê hier is twee polisiebeamptes in die hof wat hulle spesifiek sal bystaan as hulle die aandag of die hulp van hulle advokaat nodig het, kan hulle net hulle hand opsit, die twee konstabels sal dan dadelik reëlings tref dat hulle met hulle advokaat in verbinding tree.

ME DE JAGER: Mag dit die hof behaag, Edele. Mag ek net die twee konstabels identifiseer dat die beskuldigdes weet waar hulle is? Dit is konstabel De Waal, as u net sal vorentoe tree, konstabel Cherinza. Edele, die staat beoog vervolgens om 'n aansoek te doen om 'n wysiging van die akte van beskuldiging, maar ek verneem dat een van my geleerde vriende 'n aansoek tot die hof wil rig.

MNR STRYDOM: Soos die hof behaag, Edele. Op die vorige geleentheid het ek aangedui dat ons in opdrag verskyn van die firma Van der Westhuizen & Steyn, dit is ek en my drie geleerde vriende. Dit is tans my instruksies om namens die beskuldigdes te onttrek. Die rede kan ek ook vir u meld, u edele. Daar is 'n gebrek aan fondse. Ons het die posisie bespreek met die beskuldigdes en die beskuldigdes wil graag hê ons moet steeds

vir/...

vir hulle verskyn. Indien dit die hof behaag sal ek dus vra dat u vir myself en my drie geleerde vriende aanstel as <u>pro Deo</u> advokate. Edele, wat die posisie van die prokureur self betref onttrek sy nie van die verrigtinge nie. Daar is gereël dat die Regshulpraad haar sal betaal, haar fooie sal dek. Dit is op hierdie stadium versoek dat ons ons onttrek. Soos die hof behaag.

<u>HOF</u>: Mnr die Tolk, sal u net vir die beskuldigdes sê die vier advokate wat vir hulle verskyn, as gevolg van die feit dat daar nie fooie is om voort te gaan met die verhoor nie, onttrek van die saak. Daar is nou twee dinge wat kan gebeur. Hulle kan óf ander advokate kry óf ek kan hierdie advokate wat reeds vir hulle verskyn het versoek om <u>pro Deo</u> namens hulle te verskyn. Dit wil sê die advokate verskyn steeds vir hulle, maar die staat sal hulle fooie betaal teen 'n sekere tarief. Wat wil die beskuldigdes hê moet ek doen? U moet maar vir elkeen van hulle vra, asseblief. Hulle moet die keuse maak, óf hulle moet my versoek om die advokate wat vir hulle reeds verskyn het <u>pro Deo</u> aan te stel, óf hulle kan ander advokate van hulle eie keuse kry. Dan sal hulle die nodige reëlings moet tref met finansies, met wie ook al. Wat wil hulle hê?

<u>TOLK</u>: Meeste van die beskuldigdes versoek die hof om hulle ... (tussenbei)

<u>HOF</u>: Wel die help nie "meeste" nie. Het u nog 'n lys van watter beskuldigdes nog voor die hof is?

<u>ME DE JAGER</u>: Ja, inderdaad, Edele.

<u>HOF</u>: Ja, lees maar af een vir een, asseblief.

<u>MNR STRYDOM</u>: Beskuldigde 2, Qambeleni Buthelezi.

<u>BESKULDIGDE 2</u>: Ek vra die hof om hulle namens my aan te stel u edele.

HOF: Watter advokate wil hy hê? Wil hy ander advokate hê of die wat vantevore vir hom verskyn het?

BESKULDIGDE 2: Ek soek die wat vantevore vir my verskyn het.

HOF: Ja, volgende nommer, juffrou, asseblief.

ME DE JAGER: Beskuldigde 9, Mkhize.

BESKULDIGDE 9: Ek aanvaar die pro Deo verdediging.

ME DE JAGER: Beskuldigde 11, Thomas Nhlapo.

BESKULDIGDE 11: Ek aanvaar die pro Deo verdediging.

ME DE JAGER: Beskuldigde 12, Velaphi Elphas Nkosi.

BESKULDIGDE 12: Ek aanvaar die pro Deo verdediging.

ME DE JAGER: Beskuldigde 14, Tebogo Magubane.

BESKULDIGDE 14: Ek aanvaar die pro Deo verdediging.

ME DE JAGER: Beskuldigde 31, Petrus Mdiniso.

BESKULDIGDE 31: Ek aanvaar die pro Deo verdediging.

ME DE JAGER: Beskuldigde 36, Sithembiso Khubeka.

BESKULDIGDE 36: Ek aanvaar die pro Deo verdediging.

ME DE JAGER: Beskuldigde 39, David Kgosithile Mapondo.

BESKULDIGDE 39: Ek aanvaar die pro Deo verdediging.

ME DE JAGER: 40, Ernest Ntombela.

BESKULDIGDE 40: Ek aanvaar die pro Deo verdediging.

ME DE JAGER: 41, Thandanani Ngubane.

BESKULDIGDE 41: Ek aanvaar ook.

ME DE JAGER: Beskuldigde 42, Ephraim Khasane.

BESKULDIGDE 42: Ek aanvaar ook.

ME DE JAGER: Beskuldigde 44, Christopher Gumbi.

BESKULDIGDE 44: Ek aanvaar ook.

ME DE JAGER: Beskuldigde 45, Lucky Sibisi.

BESKULDIGDE 45: Ek aanvaar ook.

ME DE JAGER: Beskuldigde 47, Jotham Zulu.

BESKULDIGDE 47: Ek aanvaar ook.

ME DE JAGER: /...

ME DE JAGER: 51, Mehlandodu Sibiya.

BESKULDIGDE 51: Ek aanvaar ook.

ME DE JAGER: 52, Hunter Ndlovu.

BESKULDIGDE 52: Ek aanvaar ook.

ME DE JAGER: 53, Swelumuthi Msane.

BESKULDIGDE 53: Ek aanvaar ook.

ME DE JAGER: 55, Mxoliseni Mkhize.

BESKULDIGDE 55: Ek aanvaar ook.

ME DE JAGER: 58, Vincent Khanyile.

BESKULDIGDE 58: Ek aanvaar ook.

ME DE JAGER: 59, Sipho Buthelezi.

BESKULDIGDE 59: Ek aanvaar ook

ME DE JAGER: 60, Timothy Stals Mazibuko.

BESKULDIGDE 60: Ek aanvaar ook.

ME DE JAGER: 62, Paulos Mbatha.

BESKULDIGDE 62: Ek aanvaar ook.

ME DE JAGER: 64, Jack Mbele.

BESKULDIGDE 64: Ek aanvaar ook.

ME DE JAGER: 65, Sonny Michael Mkwanazi.

BESKULDIGDE 65: Ek aanvaar ook.

ME DE JAGER: 67, Daniel Mabote.

BESKULDIGDE 67: Ek aanvaar ook.

ME DE JAGER: 68, Victor Mthembu.

BESKULDIGDE 68: Ek aanvaar ook.

ME DE JAGER: 69, Masinane Sithole.

BESKULDIGDE 69: Ek aanvaar ook.

ME DE JAGER: 70, Thomas Lukhozi.

BESKULDIGDE 70: Ek aanvaar ook.

ME DE JAGER: 71, Richard Dlamini.

BESKULDIGDE 71: Ek aanvaar ook.

ME DE JAGER: /...

ME DE JAGER: 72, Bhekumuzi Ngema.

BESKULDIGDE 72: Ek aanvaar ook.

ME DE JAGER: 73, Moses Mthembu.

BESKULDIGDE 73: Ek aanvaar ook.

ME DE JAGER: 74, Mhlupheki Samuel Tshabangu.

BESKULDIGDE 74: Ek aanvaar ook.

HOF: Advokate Strydom, Botha, Swart en Vorster word aangestel om *pro Deo* namens die beskuldigdes te verskyn.

MNR VAN ECK: Dit is Van Eck, nie Vorster nie u edele.

HOF: Ekskuus van Eck.

ME DE JAGER: Soos die hof behaag.

MNR STRYDOM: Soos die hof behaag.

MNR BOTHA: Soos die hof behaag.

MNR SWART: Soos die hof behaag.

MNR VAN ECK: Soos die hof behaag.

ME DE JAGER: U edele, voordat die staat met die akte handel is daar twee verdere aspekte. Die eerste is, net wat die reëlings rondom die vervoer van die beskuldigdes aanbetref sal die staat net ter aanvang in hierdie verband samewerking van die hele groep beskuldigdes vra. Reëlings is getref en die verdediging is so in kennis gestel dat 'n bus of busse om kwart voor sewe soggens by die beskuldigdes se tuiste sal aanmeld om hulle na die hof te vervoer en te begelei. Ek word meegedeel dat daar vanoggend ook 'n vertraging op daardie kwartiere was en dat die laaste beskuldigde eers ongeveer halfagt gereed was om in die bus te klim. Ek sou die hof versoek om net in die verband ook die beskuldigdes se samewerking te versoek sodat die hof - vertragings tot 'n minimum beperk kan word.

HOF: Sal u net die beskuldigdes vra asseblief, daar word vir hulle vervoer gereël, die busse sal sewe-uur...?

ME DE JAGER: /...

ME DE JAGER: Kwart voor sewe, 6:45 by KwaMadala wees.

HOF: Kwart voor sewe, 6:45 by die betrokke hostel beskikbaar wees. Hulle moet asseblief sorg dat hulle op daardie tyd daar moet wees.

Bar honderde getuies gaan wees en daar 'n verskeidenheid van beskuldigdes is, is daar 'n versoek dat die hof beveel dat daar 'n lopende oorkonde getik moet word van die saak.

HOF: Ek sal bietjie daaroor dink. Wat is u houding daaromtrent?

ME DE JAGER: Soos die hof behaag. U edele die staat was Donderdag in verbinding met my geleerde vriend, advokaat Strydom en het toe verneem dat my geleerde vriende gereed sal wees om vandag voort te gaan met die verhoor. Op Vrydag het die staat egter berig ontvang dat 'n ander span in opdrag sou verskyn en dié inligting is ook inderdaad gister telefonies aan my bevestig. Die situasie vandag is anders, soos dit duidelik voor die hof blyk. Die staat het sekere reëlings getref gehad vir konsultasies en dies meer vandag, want ons is meegedeel deur die ander span dat 'n uitstel versoek sou word. Hoe dit ook al sy u edele, die staat is gereed om voort te gaan. Dit mag dalk net wees dat 'n effense vroeëre verdaging vanmiddag in orde sal wees, of noodsaaklik sal wees. U edele my geleerde vriende is in kennis gestel dat die staat beoog om 'n aansoek te doen om 'n wysiging van die akte van beskuldiging. Die staat is nie gretig om op so 'n laat stadium enige wysigings aan te bring nie omdat vertragings in die afhandeling van die saak vermy wil word. Onder omstandighede u edele, wat later in getuienis sal blyk, het die staat egter eers op 'n baie laat stadium bewus geraak van ernstige voorvalle wat verband hou met die aanklagte teen die beskuldigdes waarin persone beseer is

en/...

en het dus 'n gewysigde akte voorberei wat ek met verlof van die hof sal vra om op te handig. U edele dit behels, in die eerste plek, die terugtrek van aanklag 39 van die klagtes wat in die akte wat ingedien is voorkom. Verder 'n voeging van 'n verdere tien aanklagte van poging tot moord. My geleerde vriende is in besit geplaas van die gewysigde akte en het aangedui dat dit - dat hulle nietemin in 'n posisie sou wees om vandag met die verhoor voort te gaan.

Die staat versoek egter u edele dat die akte, soos hy nou opgehandig is aan die hof, ook in 'n enkele kleiner detail gewysig word en dit het betrekking op klagtes van opsetlike saakbeskadiging, pertinent aanklag 81... (tussenbei)

HOF: Bladsy wat van die akte?

ME DE JAGER: Ek dit net voor my kry. Bladsy 3 u edele. Verskoon tog, 6. Bladsy 6 van die akte, klagte 81. Die staat versoek dat die naam van die klaer gewysig word, verander word van "Joseph Sello" na "Emma Bohalko". Vervolgens aanklag 84 op bladsy 7 van die akte, dat die naam Naftali Motha vervang word met die naam Alfred Msibi. U edele ek versoek dan dat die wysigings aangebring word.

Die staat het vervolgens ook 'n versoek om nadere besonderhede van my geleerde vriende ontvang en dit word opgehandig asook dan die nadere besonderhede.

HOF: Ja, mnr. Strydom, verskyn u in gelyke hoedanighede, of... (tussenbei)

MNR STRYDOM: Ja, ek wil dit net op rekord plaas u edele. U edele vir doelmatigheidsredes het ons besluit, indien ons aangestel sal word, dat ons soos volg sal verskyn, dat mnr. Botha en mnr Swart vir beskuldigde 2 tot 52 verskyn, dit is die eerste 16 beskuldigdes

HOF: 2 Tot...?

MNR STRYDOM: 2 Tot 52 en ekself en mnr. Van Eck vir die orige 16, beskuldigdes 53 tot 74.

HOF: U nommers weer is van wat...?

ME DE JAGER: 53 tot 74.

HOF: Nou uself, verskyn u in gelyke hoedanigheid met mnr. Van Eck of... (tussenbei)

MNR STRYDOM: Ja, ons is almal gelyke juniors, so ek is nie 'n senior/junior verhouding nie.

HOF: Dan moet ek u al vier vra, het u ou die gewysigde klagstaat ontvang en het u gehoor vanoggend die verdere twee wysigings wat aangebring word. Mnr. Botha, enige beswaar teen die wysiging?

MNR BOTHA: Geen beswaar nie u edele.

HOF: Mnr. Swart?

MNR SWART: Geen beswaar nie u edele.

HOF: Mnr. Strydom?

MNR STRYDOM: Geen beswaar nie u edele.

HOF: En mnr. Van Eck?

MNR VAN ECK: Geen beswaar nie, dankie u edele.

HOF: Die klagstaat word gewysig na die gewysigde klagstaat wat aan my voorgelê is en die gewysigde akte word verder gewysig deur die klaer op klagte 81, Joseph Sello, te vervang met Emma Bohalko en klagte 84 die klaer Naftali Motha te vervang met Alfred Msibi.

ME DE JAGER: Soos die hof behaag u edele. U edele, ek moes vroeër gemeld het, ek is meegedeel dat die hof wel in camera is behalwe vir familielede van die beskuldigdes wat jeugdiges is en lede van die pers, soos die hof by die vorige geleentheid aangedui het. Mag ek dan vra u edele dat die akte van

beskuldiging/...

beskuldiging aan die beskuldigdes uitgelees word.

HOF: Ja, sal jy maar die akte aan hulle voorhou asseblief mnr. die Tolk?

TOLK STEL AKTE VAN BESKULDIGING AAN BESKULDIGDES

HOF: Vat maar een-vir-een asseblief mnr. die Tolk, dat ek elkeen afsonderlik kan aanteken. Die eerste een is nommer? Beskuldigde 2?

ME DE JAGER: U edele ek mag vir - ek het net 'n handgeskrewe lys van die beskuldigdes se nommers wat tans voor die hof is, maar indien dit kan help kan ek dit vir hom gee.

HOF: Toemaar, ek het hulle dankie.

ME DE JAGER: Soos die hof behaag.

HOF: Beskuldigde 2, wat pleit hy?

BESKULDIGDE 2: Ek pleit onskuldig op al 45 klagtes.

HOF: Beskuldigde 9?

BESKULDIGDE 9: Ek pleit onskuldig op al 45 klagtes.

HOF: Beskuldigde 11?

BESKULDIGDE 11: Ek pleit onskuldig op al 45 klagtes.

HOF: 12?

BESKULDIGDE 12: Ek pleit onskuldig op al 45 klagtes.

HOF: 14?

BESKULDIGDE 14: Ek pleit onskuldig op al 45 klagtes.

HOF: 31?

BESKULDIGDE 31: Ek pleit onskuldig op al 45 klagtes.

HOF: 35?

BESKULDIGDE 35: Ek pleit onskuldig op al 45 klagtes.

HOF: 39?

BESKULDIGDE 39: Ek pleit onskuldig op al 45 klagtes.

HOF: 40?

BESKULDIGDE 40: Ek pleit onskuldig op al 45 klagtes.

HOF: /...

HOF: 41?

BESKULDIGDE 41: Ek weet niks op al 45 klagtes nie.

HOF: 42?

BESKULDIGDE 42: Ek weet niks van die voorvalle af nie.

HOF: 44?

BESKULDIGDE 44: Ek weet niks nie.

HOF: 45?

BESKULDIGDE 45: Ek weet niks nie.

HOF: 47?

BESKULDIGDE 47: Ek weet niks nie.

HOF: 51?

BESKULDIGDE 51: Ek weet niks nie.

HOF: En 52?

BESKULDIGDE 52: Ek ontken alles.

HOF: 53?

BESKULDIGDE 53: Ek weet niks van al die klagtes nie.

HOF: 55?

BESKULDIGDE 55: Ek weet niks van al die klagtes nie.

HOF: 58?

BESKULDIGDE 58: Regtig daar is niks wat ek weet nie.

HOF: 59?

BESKULDIGDE 59: Ek weet niks van al die klagtes af nie.

HOF: 60?

BESKULDIGDE 60: Ek ontken alles.

HOF: 62?

BESKULDIGDE 62: Ek weet niks van al die klagtes nie.

HOF: 64?

BESKULDIGDE 64: Ek weet niks nie.

HOF: 65?

BESKULDIGDE 65: Ek weet niks nie.

HOF: 67?

BESKULDIGDE 67: Ek is onskuldig.

HOF: 68?

BESKULDIGDE 68: Regtig, ek weet niks nie.

HOF: 69?

BESKULDIGDE 69: Ek weet niks nie.

HOF: 70?

BESKULDIGDE 70: Ek weet niks nie.

HOF: 71?

BESKULDIGDE 71: Ek weet niks nie.

HOF: 72?

BESKULDIGDE 72: Ek weet niks nie.

HOF: En 74?

BESKULDIGDE 74: Ek is onskuldig.

MNR STRYDOM: U edele mag ek net daarop wys, beskuldigde 73 is oorgeslaan.

HOF: Beskuldigde 73, wat pleit hy?

BESKULDIGDE 73: Ek is onskuldig.

HOF: Mnre. Botha en Swart, is die pleit in ooreenstemming met u instruksies?

MNR BOTHA: U edele die pleite van beskuldigdes 2 tot 52 is in ooreenstemming met my instruksies. Die basis van die verweer is 'n algehele ontkenning van al die beskuldigdes. Geen verdere pleitverduideliking word op hierdie stadium gegee nie.

HOF: Ekskuus, u het gesê die basiese verweer is 'n ontkenning?

MNR BOTHA: 'n Algehele ontkenning van enige deelname aan enige van die misdrywe deur al sestien hierdie beskuldigdes.

HOF: En u sê daar is geen verdere pleitverduideliking nie?

MNR BOTHA: Nie op hierdie stadium nie.

HOF: Mnr Strydom?

MNR STRYDOM: /...

MNR STRYDOM: Soos die hof behaag u edele, eweneens is beskuldigdes 53 tot 74 se pleit ooreenkomstig met ons instruksies u edele. Hierdie beskuldigdes verkies ook om niks verder te sê as dat hulle alles ontken nie u edele.

HOF: Het beskuldigdes gehoor wat hulle regsverteenwoordigers sê?

AL DIE BESKULDIGDES GEE TE KENNE DAT HULLE GEHOOR HET

HOF: Is hulle tevrede daarmee?

AL DIE BESKULDIGDES GEE TE KENNE DAT HULLE TEVREDE IS

HOF: Ja?

ME DE JAGER: U edele, ek merk dat die tolk klagtes 1 tot 45 gelees het. Daar is die res van die akte, ek weet nie of dit nodig is om die geheel daarvan uit te lees nie?

MNR BOTHA: dele moontlik mag ek op rekord plaas dat die klagtes is met die beskuldigdes bespreek en om tyd te spaar meen ek dat dit nie nodig is dat al die klagtes gelees word nie. Die instruksie is in ieder geval dat op al die klagtes wat gestel is daar onskuldig gepleit word.

MNR STRYDOM: U edele die posisie ten opsigte van die ander beskuldigdes, 53 tot 74, is dieselfde.

HOF: Sal u net aan die beskuldigdes sê daar is nog verdere klagtes, 46 tot 153 teen hulle. Ek word meegedeel deur hulle regsverteenwoordigers dat die klagtes met hulle bespreek is; dat hulle ook op daardie klagtes alle kennis ontken en onskuldig pleit. Is hulle tevrede met hierdie mededeling van hulle regsverteenwoordigers?

AL DIE BESKULDIGDES GEE TE KENNE DAT HULLE TEVREDE IS

HOF: Ja juffrou?

ME DE JAGER: Soos die hof behaag u edele. Die staat beoog om ingevolge die bepalings van artikel 150 van die Strafproseswet

net/...

**Collection Number: AK2672**

**Goldstone Commission BOIPATONG ENQUIRY Records 1990-1999**

***PUBLISHER:***
*Publisher:-* **Historical Papers, University of the Witwatersrand**
*Location:-* **Johannesburg**
**©2012**

***LEGAL NOTICES:***

**Copyright Notice:** All materials on the Historical Papers website are protected by South African copyright law and may not be reproduced, distributed, transmitted, displayed, or otherwise published in any format, without the prior written permission of the copyright owner.

**Disclaimer and Terms of Use:** Provided that you maintain all copyright and other notices contained therein, you may download material (one machine readable copy and one print copy per page) for your personal and/or educational non-commercial use only.

People using these records relating to the archives of Historical Papers, The Library, University of the Witwatersrand, Johannesburg, are reminded that such records sometimes contain material which is uncorroborated, inaccurate, distorted or untrue. While these digital records are true facsimiles of the collection records and the information contained herein is obtained from sources believed to be accurate and reliable, Historical Papers, University of the Witwatersrand has not independently verified their content. Consequently, the University is not responsible for any errors or omissions and excludes any and all liability for any errors in or omissions from the information on the website or any related information on third party websites accessible from this website.

This document is part of a private collection deposited with Historical Papers at The University of the Witwatersrand.